Hallo al ons kruiskids maatjies en ouers

Ek hoop dit gaan sommer baie goed met julle almal. Dit is vir my so lekker om elke week die fotos te sien wat julle vir ons stuur – dit maak my hart bly om te sien julle geniet die lessies en die gesinsaktiwiteite. Baie dankie dat julle hierdie eerste kwartaal, elke week saam met ons deur die video-lessies gekuier het. Nou is dit vakansietyd en moet julle die vakansie sommer baie geniet. In die tweede kwartaal wil ons stelselmatig begin om ons kinders en huisgesinne weer by die kerk te bedien (natuurlik met alle COVID maatreëls in gedagte). Daarom gaan die tweede kwartaal se kinderbediening uit twee bene bestaan. Die weeklikse video's gaan nogsteeds uitgestuur word, maar ons gaan ook op afwisselende Sondae 'n kinderkerk by die kerk hou, wat slegs vir spesifieke grade sal wees – ten einde te verseker dat ons by die veilige getalle hou. Let asseblief daarop dat, wanneer dit jou graad se beurt by die Kinderkerk is, gaan daar nie vir jou graad ook 'n video wees nie – jou lessie word by die kinderkerk aangebied.

Dit is baie belangrik dat u as ouer vir ons, in die week wat dit jul kinders se kinderkerk beurt is, bevestig hoeveel lede van u gesin die erediens gaan bywoon – daar sal ten alle tye toesig by die kinderkerk wees, sodat u as ouer met vrymoedigheid die erediens kan bywoon (alhoewel u welkom is om by die kinderkerk in te sit). Hier is die voorlopige rooster – hou asseblief u whatsapp groepe dop vir verdere inligting vanaf die kategeet:

- Sondag, 9 Mei: Kleuters (tot en met graad R)(Kinderkerk); Graad 1-6 (video opname)
- Sondag, 16 Mei: Graad 1-3 (Kinderkerk); Kleuters & Graad 4-6 (video opname)
- Sondag, 23 Mei: Graad 4-6 (Kinderkerk); Kleuters & Graad 1-3 (video opname)
- Sondag, 30 Mei: Kleuters (tot en met graad R)(Kinderkerk); Graad 1-6 (video opname)
- Sondag, 6 Junie: Graad 1-3 (Kinderkerk); Kleuters & Graad 4-6 (video opname)
- Sondag, 13 Junie: Graad 4-6 (Kinderkerk); Kleuters & Graad 1-3 (video opname)
- Sondag, 20 Junie: Kleuters (tot en met graad R)(Kinderkerk); Graad 1-6 (video opname)
- Sondag, 27 Junie: Graad 1-3 (Kinderkerk); Kleuters & Graad 4-6 (video opname)
- Sondag, 4 Julie: Graad 4-6 (Kinderkerk); Kleuters & Graad 1-3 (video opname)

Ons sien uit na 'n opwindende tweede kwartaal, propvol lekker Bybellessies en aktiwiteite.

Gaan rus nou lekker en hou lekker vakansie!

Ds Jaco Barnard